ELDO-i

HOëRSKOOL ELDORAIGNE

VERVUL JOU ROEPING

## ALGEMEEN

### CLASSIC CLASH 2023

Sport  het die ongelooflike, unieke manier om ’n positiewe impak op gemeenskappe te maak. Of dit nou is om kinders te help ontwikkel, sosiale samesyn van die gemeenskap te bewerkstellig, of om die karakter van ’n gemeenskap te vergestalt – sport maak ’n verskil.

Natuurlik is daar uitdagings, verskille en dalk ook geskille, maar baie word vermag deur die samehorigheid of eenheid van ’n gemeenskap wat deur sport as basis geskep word. Borge uit die gemeenskap word,  deur hulle bydrae en blootstelling, deel van die groter skoolgemeenskap, ouers beleef die hartklop van die skool van hulle keuse eerstehands, allumni word weer bewus gemaak van die prestasies en/ of ontwikkeling van hulle alma mater, skole kry die geleentheid om op ’n gemeenskaplike wyse ’n bewustheid te skep van die kameraderie wat deur aktiwiteite soort sport gevestig word.

Groot geleenthede soos die FNB Classic Clash van die komende naweek, skep dan ook weereens ’n geleentheid waar ons as Hoërskool Eldoraigne gemeenskap – ouers, leerders, ondersteuners, allumni en onderwysers, hande kan vat en die hartklop van ons skool kan bemark. Ons nooi u uit om Vrydagmiddag tydens die hokkiewedstryde, en ook Saterdag met die hokkie-, netbal- en rugbywedstryde, te kom ervaar waarom ons nog die beste skool in Centurion is. Kom ondersteun elke deelnemer en raak aktief betrokke by die positiewe gees wat in die skool heers. Vergeet vir een naweek van beurtkrag, Bulls rugby en enige ander landskrisis en kom sit agteroor, ontspan en ondersteun JOU skool.

Trotse Eldo-groete

Mnr. D. Du Plessis.



## ATKV – EERSTE RONDTE UITSLAE

**UITSLAE: ATKV EERSTE UITDUNRONDTE**

**GAUTENG-NOORD: 5 EN 6 MEI 2023**

Die volgende leerders wat op 5 en 6 Mei aan die ATKV-Redenaarskompetisie se eerste uitdunronde by Hoërskool Menlopark deelgeneem het, dring deur na die halfeindrondte.

Baie geluk, Eldo-Sterre!

Die halfeindrondtes se datums vind plaas op 26 Mei, te Hoërskool Menlopark.

**Graad 8 en 9 Afrikaans Huistaal Voorbereid**

Barnard Olivier

Emile Muller

**Graad 8 en 9 – Afrikaans Huistaal Onvoorbereid**

Daniël Kruger

**Graad 10 tot 12 – Afrikaans Huistaal Voorbereid**

Anroux du Plessis

Leam Niewoudt

Nandie Wolmarans

**Graad 10 - 12 – Afrikaans Huistaal Onvoorbereid**

Jayden Berry

'n Besondere woord van dank aan me. Mariska Coetzee wat die Vrydag Eldo's ondersteun het en aan me. Simoné Swanepoel wat die Vrydag en Saterdag tot die bittere einde gebly het.









## ATKV – DEBAT UITSLAE VIR EERSTE RONDTE

Debat-uitslae van die ATKV-kompetisie wat aangebied is by Hoërskool Helpmekaar.

**Top 10 plekke**

- Heinrich Vorster, Lana Janse van Rensburg, Mpho Nemakhavhani behaal die agtste plek uit die agttien deelnemende juniorspanne.
- Jana Kriel, Jizelle du Toit behaal die tiende plek uit die negentien seniorspanne wat deelgeneem het.

**Wenners van hulle debatsessie**

Juniors

• Justin Jv Rensburg, Katryn Jv Rensburg, Dylan du Toit

Seniors

• Charlotte Bruce, Dante Smit

• Jana Kriel, Jizelle du Toit

Ons is baie trots op al die leerders wat deelgeneem het aan die ATKV-Debat.



## INKFEES

**INKfees vind haar huis by Hoërskool Eldoraigne**

Die VasgeINK-skryfskool is hierdie jaar in haar tweede bestaansjaar en het dié jaar die heel eerste Kinder- en Jeugliteratuur INKfees by Hoërskool Eldoraigne aangebied.

Daar was veertien Suid-Afrikaanse kinder- en jeugskrywers. Fanie Viljoen en Constant van Graan het leerders meer vertel oor voorgeskrewe werke soos Onderwêreld en Jungu Josh, terwyl Nerine Ahlers, Ihette Senekal en Maritha Snyman oor die kuns van opstel skryf gesels het.

Twee boekbekendstellings is ook gehou deur Fanie Viljoen en ons eie Juffrou Sunel Combrinck. Verder is daar praatjies gehou oor tienerkwessies in boeke; nuwe boeke op die rak; reeks, ja of nee; en die belangrikheid van fantasie en mitologie.

Dit was hierdie laaste tema wat 'n boodskap aan ouers oorgedra het: “Moenie kinders se verbeelding beperk nie,” het Henk Viljoen van NB-uitgewers gepleit. “Onderwysers kla gereeld dat leerders verbeeldingloos is en ouers sit met hulle hande in hul hare rakende hoe om hul kinders te help opstelle skryf. Die antwoord is maklik: bring fabels, mitologie en fantasie terug in huise in. Dis waar stories begin. Dis hoe ons verbeelding stimuleer en ontwikkel.”

Die volgende beloof om 'n groter fees na Eldo-land te bring. Kom lees saam met ons en geniet die herlewing van stories onder ons leerders.





## Skoolgeld 2023

**ELDO INFO: FINANSIES – 26 April 2023**

**Skoolgeld 2023**

Skoolfooie vir 2023 beloop R38 885 per leerder en is betaalbaar in 11 gelyke paaiemente van R3 535, Januarie tot November.

Skoolfonds rekeninge word maandeliks slegs aan ouers met debietsaldo's gestuur. State met krediet- en nul saldo's word een keer per kwartaal uitgestuur. U is egter welkom om enige tyd 'n rekeningstaat aan te vra. Indien u glad nie state ontvang, moet u asseblief vir Me Aletta Reyneke kontak sodat ons u e-posbesonderhede kan nagaan.

Dit is belangrik om u state na te gaan, om te verseker dat alle betalings wat u gemaak het wel reflekteer. Indien 'n betaling nie reflekteer, versoek ons u om die bewys van betaling na finansies@hseldo.co.za te stuur sodat ons die aangeleentheid kan ondersoek.

**Debietorders**

Ons wil u aanmoedig om van die skool se debietorderstelsel gebruik te maak. Debietorder opsies vir die 1ste-, 15de- of 28ste van elke maand is beskikbaar. Vorms is beskikbaar op die webtuiste of per e-pos versoek beskikbaar by finansies@hseldo.co.za.

Die dames van die finansiële kantoor is daar om u te ondersteun indien u enige uitdagings ervaar ten opsigte van u skoolgeldrekening. Kontak ons gerus.

# ELDO'S ONDERSTEUN

SUPERSPAR

Ons wil graag Sutherland Spar bedank vir die ondersteuning wat hulle aan Hoërskool Eldoraigne en *die gemeenskap bied!*

LCMS
Lizett Combrinck Music School








TOTIUSDAL HANDELSHUIS
OUTFITTERS



AfriForum SAKENETWERK
AfriForum Sakenetwerk bied aan:
Besigheidsbytjies
2023!
Skryf tussen 27 Maart 2023
en 31 Mei 2023 in.
104.2 FM
AKADEMIA
MoneyTime
RaisingBrightness
WIRED


Dr Tenielle Raman
General Practitioner
MP0861189 Pr No.1013602
Dentamed, Shop 20
Hennopsview Shopping Centre
Hennopspark
060 550 7963
info@doctorraman.com
www.doctorraman.com


Gereformeerde Kerk Wierdapark
Bied aan:
KERMIS 2023
Pannekoeke Jaffels Teetuin Plante
Wit Olifant Tafel Kinderspeletjies Potjiekos
Vleis Koektafel Koeldrank
en vele meer...
27 MEI 2023
www.reallygreatsite.com



School-Days
Somer het aangebreek... Begin ondersteun!
Sluit aan by School-Days en verhoog die 915,000 ondersteuners wat Suid-Afrikaanse skole help om fondse in te samel.
Doen jou inkopies, ondersteun en samel fondse in.
Gebruik die School-Days toep om ons vennote, jou transaksies en soveel meer te sien...
Google Play
App Store
Dit is hoe dit werk:
Laai af die School-Days toep of sluit aan by www.schooldays.co.za.
Voeg u skool by as begunstigde.
Doen jou inkopies met School-Days vennote en ondersteun ons skool!
Dis-Chem PHARMACIES
Swiep EN WEN!
Ons gee elke maand R10,000 aan skoolfonds weg.
Skryf in om te wen:
1. Doen jou inkopies by jou naaste Dis-Chem winkel
2. Wys jou Dis-Chem kaart
School-Days
Volg ons op sosiale media @school_days_sa










## GENIET DIE NAWEEK ELDO'S